**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**SEPTEMBER 2017**

# RELIGIESTUDIES V2 MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 8 bladsye.

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 1

1.1 **Relevante Inleiding**

- Een van die dreigende kwessies in Suid-Afrika vandag is MIV/Vigs-pandemie wat soveel Suid-Afrikaners se lewens eis.
- In Mei 2003, het religieuse gemeenskappe en organisasies bymekaar gekom om die probleem van MIV/Vigs by die eerste konferensie in die gemeenskap aan te spreek.
- Dit moet met sensitiwiteit wat dit verdien behandel word.
- Dit het 'n uitroep na liefde en medelye. (8)

1.2 **Impak van MIV/Vigs op die Suid-Afrikaanse samelewing.**

- Daar is 'n hoë sterftesyfer onder die jongmense in die land.
- Dit veroorsaak dat gesinne verbrokkel as een lid besmet is, omdat elke lid van die gesin beïnvloed word.
- Dit beïnvloed die moraal van die samelewing (waardes en houdings verander).
- Die getal leerders wat die skool vroeg verlaat, styg.
- Gesinstrukture word verswak (gesinne met kinders as hoofde).
- Dit veroorsaak finansiële spanning op die ekonomie; die regering spandeer meer geld, wat die ongelyke verspreiding van fondse veroorsaak.
- Dit veroorsaak dat mense in 'n siklus van armoede vasgevang word.
- Dit veroorsaak werkloosheid (soms word mense op grond van hul gesondheidstatus aangestel).
- Dit veroorsaak meer lyding en laat skuldig voel, lae selfbeeld, min selfvertroue en vertroue. (16)

1.3 **Praktiese strategieë vir godsdienstige organisasies om MIV/Vigs te bestry:**

- Organiseer werkswinkels om mense te onderrig en hulle bewus te maak van die epidemie.
- Onderrig lede en gemeenskappe oor godsdienstige leringe oor voorbehoed.
- Bied berading vir mense wat besmet en beïnvloed word.
- Bewusmakingsveldtogte moet beplan word.
- Ons moet uit suksesvolle anti-Vigs-veldtogte leer, bv. In Uganda het godsdienstige organisasies en die regering saamgewerk om morele regenerasie te bewerkstellig.
- Seks buite stabiele verhouding is taboe verklaar.
- Geloofsgebaseerde organisasies werk almal saam om die boodskap van kuisheid oor te dra.
- Seks word slegs binne die huwelik beoefen.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (14)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

1.4 **Slaag die godsdienstige organisasies in die stryd teen MIV/Vigs**?

**JA**

- Die hoër bywoningsyfer in verskillende godsdienstige organisasies deur hul verskillende genesingstrategieë en lewenstyle dra by tot die stryd teen MIV en Vigs.
- Bewusmakingsveldtogte word deur verskillende godsdienstige groepe georganiseer.
- Tuisorganisasies word deur verskillende godsdienstige organisasies bedryf.
- Godsdienstige groepe werk saam met die regering as 'n gesamentlike mag vir effektiewe implementering van strategieë.
- Die meeste gevestigde waakhuise (*safe houses*) word georganiseer deur godsdienstige organisasies om na weeskinders om te sien.
- Seminare om bewustheid te kweek word deur verskillende godsdienstige groepe georganiseer.
- Berading en hulpkantore werk effektief om hulp aan gemeenskappe te verleen.
- Godsdienstige groepe doen uitreike en gee skenkings aan gesinne sodat hulle iets het om te eet en te dra.

**NEE**

- Mense gaan na godsdienstige organisasies wanneer dinge moeilik raak en wanneer hulle in moeilike situasies is.
- Godsdienstige organisasies kan dit nie alleen doen sonder befondsing nie.
- Dit word moeiliker vir die organisasie om na groot getalle mense om te sien.
- Statistieke toon dat die besmettingsyfer steeds baie hoog is in vergelyking met ander Afrikalande.
- Godsdienstige organisasies is te veel gefragmenteer om effektief in die stryd te wees.
- Godsdienstige organisasies moet meer insette in regeringsbeleid lewer via die Nasionale Godsdienstige Leiersforum (NGLF).

(Hierdie is 'n oop vraag. Die leerders moet gekrediteer word vir relevante feite al word die strategieë van meer as een religie verkry.) (12)

**[50]**

## VRAAG 2

2.1 Sentrale leringe van enige een religie: Boeddhisme dien as voorbeeld.

2.1.1 **Die Aard van die wêreld:**

- Die wêreld is net een van 'n miljoen wêrelde.
- In elkeen van hierdie wêreld sal 'n Boeddha die ware aard van wesens herontdek.
- Boeddhisme floreer vir duisende jare en sterf dan stadig uit.
- 'n Ander man sal probeer om te verstaan waarom mense swaarkry en hy sal die volgende Boeddha word.
- Elke siklus het 'n Boeddha. (10)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

2.1.2 **Die aard van godheid:**

- Die meeste vorms van Boeddhisme aanvaar dat magtige wesens bestaan, wat ons god noem.
- Boeddhiste leer dat alles nie-permanent is, selfs die gode.
- Elke Boeddhis moet self verligting vind.
- Hulle volg die Boeddha se instruksies.
- Hulle mag tot die plaaslike godheid bid. (10)

2.1.3 **Die plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld:**

- Om as 'n mens gebore te word is raar en kosbaar.
- Die mensdom is die enigste toestand waarin verligting moontlik is.
- Die primêre verantwoordelikheid van elke mens is om verligting te bekom.
- Jy moet die weg van verligting met ander deel.
- Hulle is aktief betrokke in die veld van kernontwapening, teen oorlogspogings en ekologiese aksie. (10)

2.2 **Normatiewe bronne:**

2.2.1 **Inspirasie:**

- Inspirasie verwys na die asemhaling (mag, kennis) van 'n buitengewone wese of mag, bv. 'n godheid wat 'n mens oorneem en hom/haar met goddelike kennis inspireer.
- Die meeste religieë het stigtersfigure wat deur 'n hoër mag of wysheid geïnspireer is, voorbeelde is Abraham, Moses, Confucuis, die Boeddah, Jesus, die Profeet Muhammed en Baha'u'llah.
- Die inspirasie van hierdie figure word deur hulle volgelinge as direk en onmiddellik aanvaar.
- Daar word geglo dat hulle van aangesig tot aangesig met God was.
- Sulke onmiddellike kontak met 'n dimensie buite alledaagse lewe is die wortel/oorsprong van Afrikageloof.

(Hier moet enige relevante antwoord gekrediteer word.) (10)

2.2.2 **Heilige boek:**

- Skryfwerk het die godsdienstige toneel ongeveer 4000 jaar gelede betree.
- Sedertdien het dit 'n al hoe belangriker rol beklee.
- Die verskil tussen mondeling en geskrewe is nie net die medium nie – tradisie het meer gevestig geword as gevolg van geskrifte.
- Mondeling tradisie wat parallel met geskrewe tradisie kan loop, kan baie vloeibaar wees, maar as dit eers neergeskryf is, raak dit gewoonlik gevestig.
- In Boek-godsdienste (Judaïsme, Christenskap en Islam), speel heilige geskrifte 'n sleutelrol in leringe.

(Bogenoemde antwoorde is 'n gids, die kandidaat kan enige relevante feite byvoeg, daarom moet enige relevante feit gekrediteer word.) (10)
**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 3

3.1 Teorie van evolusie:
Darwin se teorie bestaan uit hoofsaaklik die volgende idees:

- Spesies bevat 'n groot verskeidenheid klein verskilletjies.
- Beide die wêreld en spesies het oor tyd verander.
- In die oorlewings stryd sal beter aangepaste variasies bevoordeel word terwyl die wat nie is nie, sal sukkel om te oorleef.
- Op hierdie wyse kan spesies geleidelik van vorm verander en meer kompleks word – deur op 'n pad van suksesvolle variasies te ontwikkel.
- Alle vorm van lewe is verbind en kan teruggeneem word na 'n gemeenskaplike oorsprong.
- Die verskillende tipes lewe is nie absoluut verskillend nie, maar kom op een enkele kontinuum voor.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (12)

3.2 Response van enige een religie op Darwin se teorie
(Boeddhisme word as voorbeeld gebruik)

- Baie Boeddhisme redeneer dat die evolusieleer en Boeddhisme saamstem.
- Daar is geen weergawe van skepping in Boeddhisme nie.
- Boeddhiste gee nie om wat wetenskaplikes se oor hoe die heelal ontstaan het nie.
- Hulle glo dat alle lewe voortdurende transformasie en evolusie behels.
- Boeddhiste glo al lank voor Westerse wetenskaplikes aan evolusie.
- Boeddhiste glo ook aan die kontinuïteit van alle lewende wesens.
- Hulle het dus nie 'n probleem met die idee dat mense uit meer primitiewe primaatvorms ontwikkel/ontstaan het nie.
- Hulle geloof in Nirvana is 'n goeie voorbeeld van lewenstransformasie en evolusie.
- Boeddhisme het geen intelligente ontwerper wat vir skepping verantwoordelik is nie, dit is waarom hulle geen probleem met evolusie het nie.
- Boeddhisme glo aan onwesenlikheid (geen deel van die mens is onsterflik nie), so hulle het nie 'n probleem met evolusie nie. (18)

3.3 **Die Oerknalteorie**

- Die sogenaamde oerknalteorie is tans die gewildste wetenskaplike teorie oor die heelal.
- Dit is nie bekend wat voor die oerknal bestaan het nie.
- Dit is nie bekend wat voorheen bestaan het nie.
- Na die oerknal het die heelal verskyn en tot 'n enorme grootte uitgebrei.
- Dit het ongeveer 15 biljoen jaar gelede gebeur.
- Klein temperatuurverskille in die eerste ontploffing het tot verskillende digthede dwarsdeur die heelal gelei.
- Dit het uiteindelik bondels dwarsdeur die heelal gevorm en die bondels het meer verdig op 'n klonterige manier en uiteindelik die groot versameling sterre gevorm wat ons sterrestelsels noem.
- Ons aarde is deel van die sonnestelsel. (20)

**[50]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**VRAAG 4**

4.1 Die geskiedenis en werk van die organisasies buite die Afrikakontinent.

**Wêreldparlement van Religieë (W.P.R.)**

- Die inisiatief is in 1983 begin.
- Die Unitarristiese en Universalistiese kerke was die hoofaandrywers van hierdie inisiatief.
- Westerse en Oosterse godsdienste is verteenwoordig.
- Swami Vivekananda het Hindoe-denkwyse aan die Weste bekendgestel.
- Dit was 'n kritiese stap in intergodsdienstige dialoog, omdat Oosterse godsdienste voorheen nie as godsdiens deur die Westerse wêreld verstaan/aanvaar is nie.

**Wêreldkonferensie van Religieë vir Vrede (W.K.R.V.)**

- Dit is in 1970 gestig.
- Dit het uit lede van alle godsdienste bestaan.
- Die gemeenskaplike doel is vrede.
- Hierdie liggaam glo dat intergodsdienstige verhoudings die beste manier is om mense van verskillende rasse, klasse en kulture saam te snoer met 'n gemeenskaplike doelwit.
- Dit is omdat godsdienstige mense in samehangende groepe organiseer wat daartoe verbind is om ander in nood te help.

**Wêreldraad van kerke (W.R.K.)**

- In 1948 in Amsterdam gestig.
- Dit is suiwer Christin.
- Dit herbevestig die drie-eenheid van God. (14)

4.2 Interne Verskille van Een Geloof. [Vir die doel van hierdie memorandum word Hindoeïsme bespreek.]

4.2.1 **Bestuur**

- Tradisionele Hindoeïsme het geen sentrale bestuur/leierskap nie.
- Hervormers het binne die bestaande stelsel gewerk.
- Daar was geen wegbreekbewegings nie.
- Tradisionele bestuur/leierskap is om die huis en plaaslike tempel gesentreer.
- In Indië is elke tempel onafhanklik wat betref bestuur/leierskap.
- Plaaslike priesters bepaal rituele wat in 'n gemeenskap beoefen word.
- Vandag is daar gestruktureerde Hindoe-bewegings in lande met 'n groot Hindoe-verteenwoordigheid buite Indië.

(Enige relevante antwoord moet gekrediteer word.) (12)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.2.2 **Praktyke**

- In tradisionele Hindoeïsme is die beoefening van huishoudelike en tempelrituele verpligtend vir almal.
- Hierdie ritueel neem baie tyd in beslag.
- Hindoegelowiges steek lampe aan en berei voedsel op die korrekte wyse voor.
- In Neo-Hindoe-bewegings word minder klem op rituele geplaas.
- In Neo-Hindoe-bewegings word die klem meer op individuele en groepstoewyding (bhakti) geplaas.
- Toewyding word ook aan ŉ spesifieke goddelike vorm gerig.
- In baie gevalle sluit sulke toewydingsessies ŉ formele rituele element in.
- Aanbidding vind in die huis en in die tempel plaas.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (14)

4.3 Dink jy dat die sekulêre wêreldbeskouiing toenemende gewildheid kry? Gee redes vir jou antwoord.

**JA**

- Sekularisme is die geloof dat die regering en moraliteit nie op religie gegrond moet wees nie.
- Westerse demokrasie van vandag is sekulêre state.
- Onaanvaarbare gedrag deur godsdienstigeleiers het ontnugtering onder hulle volgelinge veroorsaak.
- Die verdeeldheid tussen die Rooms Katolieke Kerk en die Protestante was ook deel van die skeiding tussen religie en die staat.
- Die meeste mense glo dat daar vrede in die samelewing sal wees as daar ŉ skeiding tussen die kerk en die staat is.
- Die Departement het ook bygedra tot die verspreiding van sekularisme omdat meer mense geletterd geword het.

(Enige relevante feit moet gekrediteer word.) (10)

**[50]**

**VRAAG 5**

5.1 **Hermeneutiese beginsels**

- Grammatika en historiese konteks
- Duidelikste betekenis
- Plan, doel en konteks
- Betekenis van woorde
- Figuurlike betekenis
- Ander heilige geskrifte (10)

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

5.2 5.2.1 Oorsake van omgewingsvernietiging:

- Omgewingsvernietiging word veroorsaak deur die onverantwoordelike gebruik van chemikalieë (plaagdoders en kunsmis).
- Dit word ook deur die oormatige verbranding van fossielbrandstowwe veroorsaak.
- Dit verhoog die hoeveelheid koolstofdioksied in die atmosfeer.
- Die oormatige toename in koolstofvrylatings deur fabrieke en vervoer lei tot kweekhuiseffek/aardverwarming.
- Dit laat die temperatuur van die aarde se atmosfeer styg wat tot klimaatsverandering lei.
- Dit word ook veroorsaak deur party menslike aktiwiteite soos die storting van afval produkte in oop areas (grondbesoedeling).
- Verkeerde landboumetodes beskadig ook die omgewing want dit lei tot gronderosie.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word) (14)

5.2.2 Impak van omgewingsvernietiging:

- Die weer en klimaat het verander (aardverwarming).
- Daar is meer dikwels storms, droogtes en vloede oor ons hele planeet.
- Verwoesting neem toe veral in Afrika.
- Dit lei tot voedseltekorte.
- Daar is ŉ gat in die osoonlaag en dit veroorsaak temperatuurstygings.
- Meer mense sterf jaarliks as gevolg van siektes wat deur lugbesoedeling veroorsaak word.
- Siektes het ernstiger geword want ons liggame slaag nie daarin om by die steeds wisselende omgewing aan te pas nie.
- Sommige spesies sterf uit as gelog van klimaatsverandering.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word.) (12)

5.3 Die Rol van die huidige wetgewing in SA wat gesonde inter-godsdienstige verhoudings:

- In 1997 het president Nelson Mandela godsdienstige gemeenskappe gevra om saam te werk om ŉ vrye en regverdige SA te bou
- Die koalisie Nasionale Godsdiensleiersforum (NRLF) was gevorm
- ŉ Morele beraad was gehou in Oktober 1999.
- Hulle is toegewyd aan kwessies van kinder- en vrouemishandeling en om bewustheid van MIV en Vigs te verhoog, ens.
- Die Suid-Afrikaanse Grondwet is in 1996 aanvaar
- Die Grondwet het Suid-Afrika as ŉ sekulêre staat gevestig, met geen staatsgodsdiens nie.
- Dit verbied diskriminasie op grond van godsdienstige oortuigings.
- Godsdienstige onderhouding kan by staatsinstellings met dien verstande dat:
  - ♦ Dit gebeur op ŉ gelyke grondslag.
  - ♦ Bywoning daarvan is vry en vrywillig.

(Enige relevante feite moet gekrediteer word) (14)
**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com